# Wanneer jy bid

## Wanneer jy bid… soos ‘n Weduwee en Tollenaar

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 18 Januarie 2026

**Lukas 18:1-8** (AFR33/53)

1 EN Hy het ook aan hulle ’n gelykenis vertel met die oog daarop dat ’n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,

2 en gesê: Daar was ’n regter in ’n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie.

3 En daar was in daardie stad ’n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty.

4 En ’n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie,

5 tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelik kom en my in die gesig slaan nie.

6 Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê.

7 Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?

8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?

### Die Innerlike Bewing in die Siel van die Weduwee

In daardie stowwerige straat, voor die regshof in daardie antieke stad, help Jesus ons om in ’n bejaarde vrou se siel in te kyk. Om die bewing, die innerlike stryd te sien waardeur elke gelowige soms in sy lewe moet gaan.

Sy stap elke oggend daardie selfde pad. Elke oggend is daar daardie koue knop in haar maag: Gaan hy vandag luister? Sy staan daar, dalk vryf sy haar bewerige hande. Sy praat, sy pleit, sy verduidelik. Sy gaan saans huis toe. Môre dwing sy haarself om weer daardie vernederende paadjie te loop. Vasgevang in ’n siklus van eindelose frustrasie, woede, hoop, teleurstelling, van weer probeer, hartseer, eensaamheid, radeloosheid. Dit is die siel van hierdie weduwee.

Is dit nie hoe dit soms in jou gebedslewe voel nie? Jy probeer volhard met jou sporadiese, droë stiltetyd. As jy bid voel dit nie soos gebed nie. Jou probleme verander nie. Jý verander nie. Gebed voel nie wérklik nie. Nes die weduwee in Jesus se gelykenis.

Maar kom ons parkeer eers die weduwee se situasie… Jesus sê die gelykenis gaan oor

volharding... in **gebed**. Daarom, voor ons aan die weduwee se **volharding** dink, moet ons eers vra:

## Wat is Gebed?

Wat is hierdie ding wat Jesus sê ons dag-en-nag moet doen?

- Is dit bloot 'n eindelose lys van versoeke?
- Is dit 'n geloofsmeganisme om dinge by God te kry.
- Is dit 'n manier om die gewete te sus omdat ons "geestelik" moet wees?

Nee, gebed is die hoogste menslike voorreg én roeping. Dis die grootste uitnodiging wat 'n mens ooit kan ontvang. Die Skepper van die sterrestelsels wat vir 'n sterfling sê: "Kom loop saam met My. Kom praat met My. Jy, en jou lewe, is vir My belangrik genoeg dat Ek elke dag na jou wil luister en wil hê jy moet My ken, leer ken, vir die res van jou lewe."

Soos Walter Brueggemann sê:

"Transactions between God and human persons depend on speech. Words heard and spoken... our task in life is to share in that conversation. We are all of us in some way creatures of a word. When the words stop, when the conversation ceases, we shall no longer be in communion. Conseqently, we shall no longer exist. We live only as we engage in serious conversation." (Walter Brueggemann)

Gebed... die lewensnoodsaaklike gesprek.

Gebed het soveel fasette, soos 'n diamant wat jy in die lig draai...

- **Gebed is om te vertoef.**

Dink aan die woorde van...

**Psalm 27:4-5** (AFR33/53)

Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. 5Want Hy steek my weg in sy hut...

Om in God se hut weggesteek te word... Hierdie is nie die taal van plig, of die taal van krisis nie. Dit is die taal van kindskap, vriendskap, verwondering. Die begeerte om die atmosfeer van die hemel te begeer, om bloot dáár te wees. Soos 'n kind wat in sy pa se werkskamer sit—hy vra niks nie, hy kyk net, hy wil bewonder, hy wil naby wees.

- **Gebed is om lief te hê.**

Dit is om jou hart voor die Groot Geliefde uit te gooi. Dis die diep dors van…

**Psalm 63:2-9** (Lewende Bybel)

O God, U is my God—ek verlang na U, my hele wese smag na U. Soos hierdie dor en verdroogde landstreek na water smag, so verlang ek ook om U in u heiligdom te sien en u mag en grootheid te ondervind.

Ek sal U prys omdat u getroue liefde meer beteken as die lewe self. Ek sal U prys so lank ek lewe en ek sal U altyd aanbid.

Vir my is daar die fees van u rykste seën en ek sing van vreugde om U te prys, wanneer ek snags op my bed aan U dink.

Dit was nog altyd U wat my gehelp het, daarom sing ek van blydskap onder u beskerming.

My hart klem aan U vas en U hou my in u hand.

Om te erken, my siel dors na meer as enige iets wat my gewone lewe, selfs die beste daarvan, my kan bied. ’n Dors, en ’n ontdekking, van ware, diep vervulling en betekenis.

En om God se voetspore in jou lewe te begin raaksien, sy hulp, sy getrouheid…

Daarom is gebed…

- **Gebed is vertroue**

Die geskenk dat jy mag sê “Onse Vader, Abba, Vader.” Die kinderlike versoek waar jy mag vra vir jou daaglikse brood, die plek waar jy weet jy kan praat oor jou bekommernis… Want jy het die God van liefde begin leer ken. Jy het Hom lief en vertrou Hom, en jy glo Hy het jou lief. Jy glo wat Jesus gesê het, “Selfs die hare van jou hoof is getel. Jy is meer werd as baie mossies…”

Jy leer om te doen wat… **1 Petrus 5:7** sê…

Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

Jy kan daardie swaar las wat jou skouers en jou hart stukkend skaaf voor sy voete neersit.

**Filippense 4:6-7 (NV)**

6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Om te midde van jou tekorte en behoeftes vrede te kan hê, omdat Hy met wie jy in gesprek is die Prins van Vrede is…

***

- O, die rykdom van gebed, die groot lewenslange gesprek.
  Hoe dwaas is ons soms om die wonder van hierdie sentrale uitnodiging in die Skrif, die grootste saak in die lewe te vergeet…
- Hoe kan 'n mens aangaan sonder om hierdie gesprek die middelpunt te maak van alles waaroor jou lewe gaan?
- Hoe kan 'n mens so dwaas wees om te dink dat jy die kompleksiteit van die lewe, die pyn van verlies en die soeke na sin kan hanteer sonder die gesprek met die Een in wie se hande jou asem is?

Gebed is allermins iets wat jou moet laat skuldig voel omdat jy dit "nie doen nie." Die enigste gepaste sentiment is: Hoe kan ek ooit bekostig om biddeloos deur die lewe te gaan? Hoe kan ek die geleentheid verby laat gaan om in voeling te wees met die Bron van alle Lewe, die Antwoord op Alle vrae? Hy wat sê…

**Jeremia 33:3 (NV)**

Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.

Die groot uitnodiging van die Skepper aan Sy skepsel om op die reis van verhouding, die reis van verandering, die reis van betekenis, saam met Hom te wees.

En tog, te midde van hierdie wonder, weet Jesus dat ons gaan struikel. Hy weet ons gaan moeg word. En daarom die gelykenis oor volharding.

## Die Kuns van Aanhou

Ons keer terug na die weduwee, en ons sien haar aanhoudendheid. Jesus sê spesifiek dat Hy die gelykenis vertel sodat ons sal bid en nie ***moedeloos*** word nie.

Die Griekse woord wat Lukas hier gebruik, is…

**ekkakein (ἐκκακεῖν).** Dit beskryf 'n soldaat wat in die middel van 'n geveg sy pos wil verlaat. Nie omdat hy nie meer in die saak glo nie, maar omdat hy voel hy kan nie meer nie. Hy is uitgeput.

Sy senuwees is rou. Hy wil net sy wapens neersit en huis toe gaan.

Is dit nie presies die knelpunt nie? Elke gelowige ken die versoeking, die geneigdheid om op te hou…

Dit behoort jou geweldig te bemoedig dat Jesus dit juis erken! Hy weet jy word moeg. Hy weet gebed voel soms soos ’n woestynreis waar daar geen oase in sig is nie. Hy weet daar is tye wanneer die verhouding nie eg voel nie, wanneer jy voel jy praat met ’n fiktiewe of afwesige God.

Jesus sou nie spesifiek gesê het dat moedeloosheid, moegheid, ophou die uitdaging is, as dit nie dié groot struikelblok vir elke gelowige was nie.

Hy nooi jou nie as ’n super-heilige nie; Hy nooi jou as ’n moeë soldaat. Hy sê: “Ek weet jou knieë gee in. Ek weet jy het opgehou, ek weet jy wonder of jy kan opstaan en weer begin. Maar kom, klop weer aan my deur, soek weer. Dis die oorbegin, die aanhou, die volharding wat Ek wil vind as Ek kom.”

Wanneer die dorheid kom, die vreemde stilte van God, en jy niks voel behalwe armoede, onvermoë, en behoeftigheid, terwyl sy rykdom voel soos ’n afwesige rykdom, en jy soos ’n bedelaar... Moenie mismoedig wees nie, dis dalk ’n baie beter plek om te wees as wat jy besef...

“Begging is our only wisdom.” (C.S. Lewis)

Hierdie woestyn-aanhou is om onsself lank genoeg in God “afwesige” aanwesigheid te hou totdat ons weer sy goedheid kan begin raaksien. Die aanhou klop totdat die strome weer vloei.

Maar wat as daardie woestyntye in jou gebedslewe voel asof dit ’n leeftyd aanhou. Gebed voel permanent onwerklik. Jy begin eintlik glo dat ’n gebedslewe nie iets is waarvoor jy die innerlike toerusting het nie? Of dit goed of sleg gaan in jou lewe, gebed bly ’n stryd. Want beide voorspoed en teenspoed kan ’n mens se gebedspad soos ’n woestyn laat voel.

Hier moet ons kyk na die reis van dié wat voor ons deur woestyntye gegaan het.

## Die Donker Nag: Johannes van die Kruis

Een van die groot figure wat hierdie pad tot in die diepste afgronde gestap het, was die 16de-eeuse Spaanse mistikus, Johannes van die Kruis (St. John of the Cross). In 1577 is hy deur sy eie medebroeders gevange geneem en in ’n klein, donker sel gegooi in Toledo, Spanje. Die sel was so klein dat hy skaars kon regop staan – ongeveer 2 meter by 3 meter. Hy is gereeld geslaan en verneder. Hy was honger, koud, en totaal alleen. In daardie uiterste isolasie, in daardie absolute stilte van God, het hy sy beroemde werk geskryf Dark Night of the Soul.

Johannes leer ons iets wat ons moderne siel dikwels nie wil hoor nie: Die “donker nag” is nie ’n teken van God se afwesigheid nie, maar dikwels ’n teken van sy mees intense nabyheid. Hy sê wanneer God ons wil leer om Hom werklik lief te hê, neem Hy soms alle emosionele verkwikking en belewenisse van sy nabyheid in gebed weg. Dit voel of God weg is. Dit voel of gebed ’n leë ritueel geword het. Maar eintlik is God besig om ons siel nader na Hom toe te

trek, en te suiwer, en sterk te maak. Soos ’n ma haar kind van melk afspeen sodat hy vaste kos kan begin eet.

Die donker nag is die plek waar ons leer om God lief te hê vir wie Hy is, en nie vir hoe Hy ons laat voel nie, en selfs nie vir hoe hy in ons nood voorsien nie. Waar ons ego afgebreek word, sodat die Groot Geliefde die middelpunt van ons lewe kan word. Johannes van die Kruis se eie lewe getuig daarvan dat jy in die diepste donkerte van onbeantwoorde gebed die “Lewende Vlam van Liefde” kan vind. Wanneer gebed ’n reis word om God sélf te kry, ongeag ander behoeftes of versoeke in gebed.

Het jy al daardie droogte ervaar? Daardie tye wanneer jy voel jy is ’n mislukking omdat jy niks “voel” nie? Johannes van die Kruis sal vir jou wil sê: “Moenie ophou nie. Hierdie droogte is die voorportaal van ’n dieper intimiteit.”

Maar nie nét ophou, moedeloosword, is ’n versoeking op die gebedspad nie, ook hoogmoed is. Jesus weet dat ons onsself dikwels ook baie in ons skik kan wees met onsself en ons gebedslewe, terwyl ons nie die werklikheid in die gesig wil staar van ons geestelik onvolwassenhied, of rebelsheid, ‘louheid’ ongeërgdheid of hoogmoed nie… Ons dink ons is “reg”, maar ons hart is ver weg. Daarom vertel Jesus eintlik twee gelykenisse in een. Lees saam met my vanaf vers 9:

**Lukas 18:9-14** (AFR33/53)

9 EN Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel.

10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een ’n Fariseër en die ander ’n tollenaar.

11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.

12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.

13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!

14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.

## Die Tollenaar se Gebed

Of die gelykenis my laat voel soos die Fariseër óf die tollenaar, dis genade wat my wil help…. Of ek voel soos die tollenaar: ek het gefaal as bidder, en as mens, die gelykenis wil my optel en moed gee. Of ek voel soos die Fariseër, redelik tevrede met myself, die gelykenis wil my weer leer om waarlik te buig.

Kyk vir ’n oomblik na hierdie twee figure. Die Fariseër, die “suksesvolle” godsdiensman. Sy

feite en opinies is reg. Sy gebed is ’n toespraak oor sy eie vroomheid. Hoogmoed gekamoefleer as dankbaarheid. Hy praat eintlik oor, en met homself. Sy hart is vol, en daarom is daar geen plek vir God nie.

Maar dan is daar die tollenaar. Hy het niks om aan te bied nie—geen indrukwekkende CV van geestelike toewyding nie. Al wat hy het, is sy hand op sy bors en die rou uitroep: “O God, wees my, sondaar, genadig!”.

Die woord vir “genadig” hier is...

**hilasthēti** (ἱλάσθητί) - ’n roep na die dit wat die versoendeksel in die Tempel verteenwoordig. Die belydenis van iemand wat weet hy is absoluut afhanklik van ’n offer wat hý nie kan bring nie

Here ek kan niks bring nie, help my...

Jesus sê: Hierdie man gaan huis toe as een wat reg is met God.

Miskien sit jy vandag hier en jy dink: Hoe kan iemand soos ek regtig ’n bidder word? Ek sien eintlik ek is die Fariseër.

Of ek is die tollenaar. Ek is nie ’n “geestelike” mens nie. Ek is moedeloos weens vorige voornemens wat gou verflou het. Ek voel soos ’n mislukking wanneer die onderwerp van gebed aangeroer word.

Hoor vandag die ontferming van die Groot Geliefde: Gebed begin bloot by eerlikheid, “Ek kom soos ek is, o Heer.”

Dit begin by die oomblik wanneer jy jou masker afhaal en sê: “Here, hier is ek, die Fariseër. Ek sien my selfvoldaanheid, ek kom soos ek is, o Heer.” Of, “Here, hier is ek, die tollenaar. Ek is stukkend, ek is moeg, en ek het U nodig.”

In gebed kom ons nie na God om ’n teenprestasie te bring vir ons sondes nie; ons kom om as Fariseër óf tollenaar gesond gemaak te word. Albei is behoeftig, deur hulle eiesondigheid, rebelsheid en onafhanklikheid van Hom.

Vandag bring ons ons behoeftige gebedslewe, ons kom erken, ons het probleme, al is dit net dat ons ons gewone besige lewe toelaat ons ’n verskoning te word vir ons wegvlug van die heel grootste uitnodiging in die lewe.

Maar die Here nooi ons oor en oor in die Skrif om op te hou vlug. Om die **waarheid** oor onsself te erken.

In die filosofie is die woord vir waarheid aletheia (ἀλήθεια)—wat letterlik beteken “om uit die

wegsteekplek uit te kom."

Gebed is die plek waar jy ophou wegkruip agter jou prestasies óf jou mislukkings, en waar jy bloot as jouself, soos jy is, voor God staan.

"The prayer preceding all prayers is: 'May it be the real I who speaks. May it be the real Thou that I speak to.'" (C.S. Lewis - Letters to Malcolm)

Wi jy nie vanoggend die ware jy na die ware Hy toe bring nie?

Kom ons sluit af...

Ek wonder of jy op hierdie lewenslange reis wil wees....

**Die Reis na die Groot Geliefde**

Jesus eindig die eerste gelykenis met 'n vraag...

**Lukas 18:8**

"...maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?"

Jesus vra net een ding: of Hy mense sal vind wat nog bid. Aanhou bid.

Die geloof om aan te hou klop aan die deur van die hemel, selfs al voel die nag hoe donker. Dit is die geloof wat weier om moed op te gee te midde van woestynervarings.

Moenie jouself die voorreg van die reis van alle reise, die gespreksreis met die Koning van jou siel, ontsê nie...

C.S. Lewis het ook geskryf:

"I pray because I can't help myself. I pray because I am helpless. I pray because the need flows out of me all the time, waking and sleeping. It doesn't change God. It changes me." (C.S. Lewis)

Bring jou siel, jou voorneme, jou besluit vandag na die Groot Geliefde. Ook jou nood. Hy wag vir jou. Hy is nie 'n onregverdige regter wat geïrriteer word deur jou geklop nie. Hy is die Vader wat wag om jou te omhels.

Hy wil jou help om nie moed op te gee in die groot gesprek met die groot Gespreksgenoot nie. Sal jy die reis weer aandurf?

Mag Jesus in hierdie jaar by ons die geloof vind waarna Hy soek—die geloof van mense wat dag en nag tot Hom roep, wat hulle maskers afgooi, en wat ontdek dat in die gesprek met God, alles nuut word.